BEELD
16 Mar 2011, p.8

Namibië geboikot weens uitdun van robbe

Leané du Plessis

Die jaarlikse uitdunning van duisende Namibiese robbe het gelei tot 'n boikot van dié land se toeristebedryf en produkte.

Ontstoke bekendes het gister vertel van die "bloedbad" wat tussen Julie en November plaasvind wanneer robbe met knuppels, sommige met spykers aan die voorkant, doodgeslaan word.

"Ons kan nie toelaat dat dit aangaan nie.

"Dis absurd; ek is gewalg daardeur," het die model en aktrise Christina Storm gister op 'n mediakonferensie gesê.

Storm het haar stem by dié van ander bekendes gevoeg wat die Robbe van Nam-veldtog ondersteun.

Bokang Montjane, Mej. Suid-Afrika 2010, die sanger Cito van Wonderboom, Catherine Constantinides van Mej. Aarde Suid-Afrika en die sanger Louise Carver gaan Namibië ook boikot deur nie meer soontoe te reis nie.

Die veldtog is gister deur die organisasies Fur Free South Africa en Beauty Without Cruelty aan die gang gesit.

Beelde van babarobbe wat met oopgesplete koppe in hul eie bloed lê, sowel as 'n video wat die slagting wys, het dié bekendes woedend gemaak.

"Die beelde gaan my verstand te bowe," het die sakevrou Jenna Clifford, wat ook die veldtog ondersteun, gesê.

Tydens die Namibiese jagseisoen word die meeste van die geteikende 86 000 robbe deur jagters doodgeslaan. Die land se visbedryf is aan die taan en die robbe kry die skuld daarvoor.

Hulle verorber sowat 900 000 ton vis per jaar, het Namibië se minister van inligting, mnr. Netumbo Nandi-Ndai-twah, in 2007 aan die *Allgemeine Zeitung* gesê. Dit is sowat 'n derde van Namibië se totale visbedryf.

Die Namibiese departement van visserye en seehulpbronne kon nie gister vir kommentaar bereik word nie.